## Les 11 KONINGSKINDERS: GOD IS GOD – DIE HERE GEBRUIK ONS IN SY DIENS MET AL ONS GAWES EN AL ONS FOUTE

### 1. Moses voel hy is nie goed genoeg vir sy diens aan die Here nie

Die Here het Moses geroep om Hom te dien. Maar Moses voel hy is nie goed genoeg om die Here te dien nie. Kom ons kyk hoe probeer Moses vir die Here wys hy is nie goed genoeg om Hom te dien nie:

*“ [9] Die noodkrete van die Israeliete het My bereik, en Ek het ook aanskou hoe Egipte hulle verdruk. [10] Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry.” [11] Toe sê Moses vir God: “Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry?” [12] God het Moses geantwoord: “Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het, sal dít wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal julle My by hierdie berg aanbid.” [13] Daarna sê Moses vir God: “Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: ‘Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,’ en hulle vra vir my: ‘Wat is sy Naam?’ wat moet ek dan vir hulle sê?” [14] Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.” [15] Verder sê God vir Moses: “Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: ‘Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.’ Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag .... [18] “Die leiers van Israel sal na jou luister .... **4** Maar toe sê Moses: “Sê nou die Israeliete glo my nie en hulle luister nie na my nie en hulle sê die Here het nie aan my verskyn nie .... [10] Toe sê Moses vir die Here: “Ag, Here, ek kan nie goed praat nie; ek kon nie vroeër nie en ek kan ook nie nou, hier waar U met my praat nie. Ek praat swaar, en my tong sukkel.” [11] Daarna sê die Here vir hom: “Wie het aan die mens ’n mond gegee? Wie maak stom of doof of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here, nie? [12] Gaan nou, Ek sal jou help met die praat en jou leer wat jy moet sê.” [13] Maar Moses antwoord: “Asseblief tog, Here, stuur liewer iemand anders.” [14] Toe word die Here kwaad vir Moses en sê: “Aäron die Leviet is mos jou broer, en Ek weet hy kan sy woord goed doen. Hy is al op pad om jou te ontmoet en hy sal bly wees om jou weer te sien. [15] Praat met hom en sê vir hom wat om te sê. Ek sal by jou wees as jy praat en by hom as hy praat en Ek sal julle leer wat om te doen. [16] Wanneer hy namens jou met die volk praat, is hy jou segsman en jy die een wat hom sy opdragte gee.”* Exodus 3 – 4

Hier gebeur nou iets baie snaaks. Toe Moses die prins van Egipte was, het hy sommer besluit om op sy eie die Israeliete se leier te wees. Hy het só sterk en magtig gevoel met al die geld en mag en aansien wat hy geken het, dat hy sommer sélf teen die Farao wou opstaan en baklei. Dis hoekom hy die toesighouer sommer so maklik kon doodslaan.    En nou?

Nou roep die Here hom om ’n leier te wees wat Hy kan gebruik om die Israeliete uit Egipte te laat wegtrek, maar nou voel Moses hy is nie goed genoeg nie.

### 2. Moses sien nou net sy eie, en ander, se foute raak

Kyk wat sê Moses as die Here hom sy opdrag gee: “: *“Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry?”* Onthou nou, Moses werk nou al veertig jaar as sy skoonpa se veewagter. Wat het hy nou hier geleer? Die Here het hom hierheen gebring om te leer om op Hom te vertrou. En nou? Nou het hy iets anders vir homself wysgemaak. Hy is maar net ’n arme ou veewagter, wat nie eens sy eie baas is nie. Hy moet vir sy vrou se pa werk. Hy voel dat só ’n arme veewagter nie na die groot koning van Egipte kan gaan en vir hom sê hy moet die Israelitiese slawe vrylaat en as vry mense laat trek nie. Veewagters is sommer niks nie!

Dít is wat Moses homself nou wysmaak. As hy nie ’n magtige Egiptiese prins is nie, kan God hom nie gebruik nie. Die Here kan nie sommer veewagters gebruik vir Sy groot planne nie. Veewagters moet hulle plek ken, en hulle plek is om niks te wil wees nie. Hulle mag nie glo dat hulle in diens van die Here is nie, want veewagters beteken sommer niks.

Moses sien homself as nikswerd omdat hy nie mag, geld en invloed het nie. Kyk hoe maak hy verskonings omdat hy so minderwaardig voel. Hy kan, omdat hy nou sommer minderwaardig voel, net aan al sy, en ander mense, se foute dink.

- Hy voel die Israeliete sal nie glo dat God hulle uit die mag van Farao en Egipte se gode kan bevry nie.
- Hy voel die Israeliete kán dalk nog glo dat God hulle sal bevry, maar hoekom moet hulle glo Moses is die man wat hulle moet lei? Hulle sal nie.
- Hy voel hy kan nie goed praat nie. Dit is moontlik dat Moses gesukkel het om voor mense te praat, en dan dink mense hy is dom.

Omdat Moses nou nikswerd voel – kan hy net al die probleme en foute raaksien wat maak dat hy nie die opdrag van die Here sal kan uitvoer nie.

**3. Moses hoor nie mooi wat God vir hom sê nie**

Wat dink julle, hoe het Moses verstaan wat wil die Here hê moet hy gaan doen? Onthou, hy was die groot prins van Egipte, ’n man wat grootgemaak is om ’n slawedrywer te wees. En nou stuur God hom terug na Egipte? Hy het die Here verkeerd verstaan. Hy hoor en dink hy moet weer “grootmeneer” in Egipte gaan wees. Dit, na hy veertig jaar lank moes leer om ’n nederige veewagter te wees! Hy dink hy moet groot en magtig wees om die Israeliete uit die mag van die koning te kan bevry. Die grootste en sterkste koning in die wêreld!

Daarom wys die Here vir Moses hy hoor en verstaan verkeerd. Die Here wil nie hê Moses moet groot en magtig gaan wees nie. God sélf gaan groot en magtig wees. Kyk hoe sê die Here dit vir Moses! Moses vra vir die Here wat is Sy naam, en dan sê God: “Ek is wat Ek is.” Die Here wys Moses dat mense nie vir God ’n

noemnaam kan gee nie. God is nie soos mense wat noemname kry en vir wie ’n mens op die naam kan noem nie.

Daarom sê die Here vir Moses: “Ek is wat Ek is”. Hierdie sin beteken – God is God. Hy alleen is God en net Hy doen wat God doen. Hý gaan deur Sy groot liefde sorg vir Sy kinders. Niemand anders nie, ook nie Moses nie. Hý gaan deur Sy groot mag Sy kinders uit die koning se mag bevry, nie Moses nie. Hý gaan met Sy groot wysheid as God, Sy kinders lei, nie Moses nie.

Moses moet nie weer “grootmeneer” gaan wees nie. Moses moet net ’n leier gaan wees wat mense bymekaar kry en hulle vertel en wys wat God gaan doen.

God is God. Moses is net ’n mens in Sy diens. God is God. Die Israeliete is God se kinders, vir wie Hy sorg. God is God, koning Farao kan niks doen om God te keer nie.

**4. Moses moet net sy werk gaan doen**

Dit is wat Moses moes hoor. Hy moet net sy werk gaan doen wat die Here hom gee. Hy moet net vir die Farao gaan sê wat die Here sê. Hy moet nie groot en magtig met die Farao gaan baklei en wys hy is sterker as die Farao nie. Hy moet net sy opdrag uitvoer om vir die Farao te sê wat die Here sê. Hy moet net sy opdrag uitvoer om vir die mense te sê wat die Here vir hulle gaan doen. Hy moet nie groot en magtig die mense uit Egipte gaan bevry nie. Hy moet net gaan sê wat die Here besluit het om vir hulle te doen.

En, dan moes hy hulle lei. Lei beteken hy moes hulle organiseer en bestuur soos enige ander mens wat met mense werk, hulle moet organiseer en bestuur. Hy moet hulle nie groot en magtig probeer dwing nie. God sal hulle oortuig en God gaan hulle laat trek. Nie Moses nie. Moses moet net sy werk wat die Here vir hom gegee het, doen – soos alle ander mense hulle werk op aarde moet doen.

God is groot en magtig. God is God. Hy gebruik mense wat hulle gewone werk elke dag doen, soos die Here dit vir hulle gegee het om te doen. Mense leef net verantwoordelik, maar God voer Sy groot planne met mense uit.

**5. Die Here gebruik Moses met al sy talente en foute**

Die Here het besluit om Sy kinders te help. Die Here gaan Sy kinders deur Sy groot mag bevry van hulle slawewerk. Die Here kies Moses om Hom te dien. Die Here het aan Moses die gawes en talente gegee om mense se nood te kan raaksien, en mense te wil help. Dit het ons gesien toe hy sy mense wat mishandel word, en die vrouens by die oase, jammer gekry en probeer help het. Die Here het Moses ook toegerus vir sy dienswerk. Die Here het Moses in twee huise laat grootword, sodat hy twee tale geken het: die taal Egipties om met die koning te kan praat, en die taal Hebreeus om met sy eie mense te kan praat. Die

Here het hom in die Farao se paleis laat grootword om presies te kan dink soos Egiptenare dink, maar hy het ook die kultuur en gewoontes van sy eie mense geken. Die Here het ook vir Moses die talent gegee om met mense te kan werk en mense te kan organiseer.

Die Here gebruik Moses ook met al sy foute. Moses word gou en maklik kwaad. Maar die Here het hom veertig jaar as veewagter laat oefen om geduldig te wees. Moses het ’n “grootmeneer”-houding gehad, maar die Here het hom dit afgeleer in ’n vreemde land. Moses het minderwaardig gevoel, maar die Here aanvaar nie sy minderwaardigheid nie.

Die laaste verskoning van Moses was dat hy sukkel om voor mense te praat. Die Here aanvaar ook nie hierdie fout as verskoning nie. Die Here gee hom iemand om saam met hom te gaan, sodat hy die vertroue kan hê om voor almal te kan praat.

**6. God roep ons elkeen om Hom te dien – met al ons talente en foute**

Dit doen die Here ook met ons. Hy roep ons om Hom te dien – deur net ons gewone opdragte uit te voer vir die werk wat ons moet doen. Hiervoor gee die Here ons talente en oefen Hy ons om ons foute te kan beheer; en vir die foute wat ons nie kan reg kry nie, gee hy mense wat ons kan help.

Kom ons gesels ’n bietjie! Hoe sorg die Here dat mense kan kos hê om te eet? Die Here gee mense die talente om boere te kan wees! Boere word geroep om die Here te dien. Hoe dien hulle die Here? Net deur alles te doen wat ’n boer moet doen. Al die foute wat mense het, wat maak dat hulle sukkel om te boer, oefen die Here hulle om dit te beheer – om gou kwaad te word soos Moses, om “grootmeneer” met arbeiders te wees – en nog baie ander. En vir die foute wat hulle nie self kan reg kry nie – gee die Here ander mense om hulle te help. As hulle sukkel met somme maak, dan gee die Here ander mense wat die boere help om somme te maak; as hulle sukkel om te weet hoekom groei die plante nie reg nie, dan gee die Here ander mense om hulle te help weet wat is met die plante verkeerd.

Hoe sorg die Here dat kinders kan leer? Hy gee vir mense talente om onderwysers te kan wees, en gebruik hulle met foute en al. Hoe sorg die Here dat mense orals kan kom waar hulle moet wees? Hy gee mense talente om motors te kan regmaak, met hulle foute en al.

**7. Mense moet hulle take van die Here ontvang en gehoorsaam**

Hoe moet ons die Here dien? Ons moet ons take van die Here ontvang en gehoorsaam. Ons moet nie, soos Moses, eers grootmeneer wil wees en maak en breek soos ons wil, of dan weer te bang wees om iets te doen omdat ons glo ons is nikswerd nie. God roep ons elke dag om Hom te dien – en ons is goed genoeg

om die Here te dien, met al ons talente en al ons foute. Ons is mense wat dien – en God is God: Hy sal ons gebruik in Sy diens, Hy sal ons versorg, en Hy sal ons liefhê.

**8. Opdrag**

Gaan vra bietjie vir Pa, Ma, Oupa of Ouma, of enige grootmens, wat is die roeping wat die Here vir hulle gegee het. Dan gesels julle oor Moses wat net al sy foute kon raaksien en nie meer sy talente en opdragte kon raaksien nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

___________________________________
Handtekening: ouer of voog